Gedeelte 12 (Ged van Ged 10) v/d plaas Spitskop No 26 = 20,5289 H

| GETRANSPORTEER AAN | TRANSFERRED TO |
|---|---|
| MARSHALL en DE VILLIERS (Eiendoms) Beperk | |
| 1995/010153/07 | |
| RESTANT/REMAINDER 464,5282 HA | |
| T 000244 / 2002 | |
| 30 JAN 2002 | REGISTRATEUR/REGISTRAR |

T 003705 / 2001

Opgestel deur my:

**TRANSPORTBESORGER**

**ROODT C J T**

**SERTIFIKAAT VAN VERENIGDE TITEL Nr.**

Uitgereik kragtens die bepalings van Artikel 40 van registrasie van Aktes Wet 1937 (Nr. 47 van 1937)

**NADEMAAL**

DIE TRUSTEES VAN DIE SCHALK THERON FAMILIE TRUST
Nr. IT 241/99

aansoek gedoen het vir die uitreiking van 'n Sertifikaat van Verenigde Titel kragtens die bepalings van Artikel 40 van registrasie van Aktes Wet, 1937 (Nr. 47 van 1937)

**EN NADEMAAL**

DIE TRUSTEES VAN DIE SCHALK THERON FAMILIE TRUST
Nr. IT 241/99

die geregistreerde eienaar is van:

Sien verdere endossement op bladsy 7

1. SEKER Gedeelte 7 (Gedeelte van Gedeelte 4) van die Plaas SPITSKOP Nr. 26

GELEë in die distrik Prieska, Provinsie Noord-Kaap

GEHOU kragtens Transportakte Nr. 003704 / 2001 /2001

2. SEKER Gedeelte 8 (Gedeelte van Gedeelte 1) van die Plaas SPTISKOP Nr. 26

GELEë in die distrik Prieska, Provinsie Noord-Kaap

003703 / 2001

GEHOU kragtens Transportakte Nr. T /2001

wat verenig is tot die grond hieronder beskryf.

**SO IS DIT DAT** ingevolge die bepalings van genoemde Wet, ek die **REGISTRATEUR VAN AKTES te KIMBERLEY,** hierby sertifiseer dat voornoemde

DIE TRUSTEES VAN DIE SCHALK THERON FAMILIE TRUST
Nr. IT 241/99

Hulle Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Regverkrygendes

die geregistreerde eienaar is van:

SEKER Gedeelte 10 van die Plaas SPITSKOP Nr. 26

GELEë in die distrik Prieska, Provinsie Noord-Kaap

GROOT 485,0571 (Vierhonderd Vyf en Tagtig komma Nul Vyf Sewe Een)) Hektaar soos aangedui op aangehegte Kaart LG Nr. 679/2000

A. ONDERHEWIG in soverre dit die figure A a Oranjerivier b D E c H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z uitgeslote die figuur A1 B1 C1 D1 soos op die aangehegte Kaart LG Nr. 679/2000 aanbetref aan :

   (i) die volgende voorwaardes geskep in Grondbrief (HAY ERFPAGTE BOEK 7 FOLIO 5), naamlik:

1. That the Government reserves the rights to all precious stones, gold, or silver found on or under the surface of the said land.

2. And, lastly, that the said land shall be subject to all such duties, rules and regulations as either now are or hereafter may be in force with regard to land granted on similar tenure and that the proprietor shall allow to the public travelling along any of the roads running over the land the right to outspan, graze and water all stock upon the land hereby granted"

(ii) VERDER ONDERHEWIG aan Sertifikaat van Regte op Minerale Nr. 9/1948 ten opsigte van onedele metale, minerale en koolstof.

(iii) GEREGTIG ingevolge Notariële Akte van Serwituut Nr. 6/1948 tot sekere besigheidsregte voorbehou oor die volgende eiendom :

| | |
|---|---|
| SEKER | Gedeelte 1 van die Plaas Spitskop Nr. 26 |
| GELEë | in die distrik Prieska, Provinsie Noord-Kaap |
| GROOT | 171,3049 (Eenhonderd Een en Sewentig komma Drie Nul Vier Nege) Hektaar |

(Aangesien die Heersende eienaar Gedeelte 8 ('n Gedeelte van Gedeelte 1) van die Plaas Spitskop Nr. 26, geleë in die distrik Prieska, Provinsie Noord-Kaap, groot 1,9914 (Een komma Nege Nege Een Vier) Hektaar verkry het van die Dienende eienaar daarom het bogemelde serwituut saamgesmelt wat 1,9914 (Een komma Nege Nege Een Vier) Hektaar betref en is die binnegemelde eiendom slegs geregtig op die serwituut oor die Restant van Gedeelte 1 van die Plaas Spitskop Nr. 26

(iv) ONDERHEWIG kragtens Transportakte Nr. T 478/1975 aan die volgende serwituut ten gunste van Gedeelte 5 ('n gedeelte van gedeelte 4) van die plaas Spitskop Nr. 26, geleë in die distrik Prieska, Provinsie Noord-Kaap, groot 85,6532 (Vyf en Tagtig komma ses vyf drie twee) hektaar:

(b) ONDERHEWIG aan 'n Serwituut reg-van-oorpad 5,7 meter wyd voorgestel deur die figuur d e f g B1 A1 h op die aangehegte Kaart LG Nr. 679/2000

welke Serwituutregte van oorpad strek vanaf die Suidelike grens van die genoemde Gedeelte 5 tot aan die openbare pad soos aangetoon op voormelde Kaart

(v) VERDER ONDERHEWIG aan 'n Onteieningskennisgewing soos geëndosseer in terme van Artikel 31 van Wet 47/1937 op Transportaktes Nrs. T 504/1977, T 1730/1983 en T 1731/1983 ingevolge waarvan 'n gedeelte van die binnegemelde eiendom, groot 15,9186 (Vyftien komma Nege Een Agt Ses) Hektaar kragtens Artikel 27 van Paaie Ordonnansie 1976 deur die Provinsiale Padingenieursafdeling Pad 3024 onteien is kragtens Onteieningskennisgewings EX 16/1992, EX 22/1992 en EX 24/1992

(vi) ONDERHEWIG aan die volgende voorwaarde ten gunste van die Beherende gesag soos opgelê in terme van Artikel 11(6)(a) van die Wet op Adverteer langs en toebou van paaie Wet 21 van 1940 in die toestemming tot onderverdeling gedateer 27 Maart 2000, en soos geskep in Transportakte Nr. T 003704 / 2001/2001

Behalwe met die goedkeuring van die Beherende Gesag mag geen bouwerk binne 95 meter (gemeet vanaf die middellyn van die pad) vanaf die grootpad 69/1 opgerig word nie. Die boubeperkings geld nie vir bona fide boerderybedrywighede nie.

B. Wat betref die figure G c' E F soos op die aangehegte Kaart LG Nr. 679/2000 aanbetref

(i) ONDERHEWIG aan die volgende voorwaardes geskep in Grondbrief (HAY ERFPAGTE BOEK 7 FOLIO 5), naamlik:

1. That the Government reserves the rights to all precious stones, gold, or silver found on or under the surface of the said land

2. And, lastly, that the said land shall be subject to all such duties, rules and regulations as either now are or hereafter may be in force with regard to land granted on similar tenure and that the proprietor shall allow to the public travelling along any of the roads running over the land the right to outspan, graze and water all stock upon the land hereby granted

(ii) ONDERHEWIG aan die voorbehoud ten gunste van Augustinus Cornelius van der Merwe (Gebore op 5 November 1900) en sy opvolgers-in-titel van alle regte tot Onedele Metale, Minerale en Koolstowwe ten gunste van welke voorbehoud Sertifikaat van Minerale Regte Nr. 8/1949 uitgereik is in terme van Artikel 71 van Wet Nr. 47 van 1937 op 21 April 1948

(iii ONDERHEWIG aan die voorbehoud ten gunste van die eienaar van die oorblywende gedeelte van die plaas Spitskop, groot 2666,8525 (Tweeduisend Seshonderd Ses en Sestig komma Agt Vyf Twsee Vyf) Hektaar, soos gehou deur Transportakte Nr. T69/1939 gedateer 15 Maart 1939 van alle handelsregte oor en ten opsigte van die eiendom hierkragtens getransporteer, welke voorbehoud neergelê en geskep is in Notariële Akte Nr, 6/1948

Aangesien die dienende eienaar nou ook die eienaar is van Gedeelte 7 ('n Gedeelte van Gedeelte 4) van die Plaas Spitskop Nr. 26. geleë in die distrik Prieska, Prolvinsie Noord-Kaap, groot 483,0657 (Vierhonderd Drie en Tagtig komma Nul Ses Vyf Sewe) Hektaar daarom het die serwituut verval wat betref 1,9914 (Een komma Nege Nege Een Vier) Hektaar en is die binnegemelde eiendom onderhewig aan sekere besigheidsregte voorbehou oor die restant van die plaas Spitskop Nr. 26, distrik Prieska

**EN DAT** kragtens hierdie sertifikaat, genoemde

DIE TRUSTEES VAN DIE SCHALK THERON FAMILIE TRUST Nr. IT 241/99

Hulle Erfgename, Eksekuteurs, Administrateurs of Regverkrygendes

nou en voortaan daartoe geregtig is ooreenkomstig plaaslike gebruik, maar behoudens die Regte van die Staat.

**TEN BEWYSE WAARVAN** ek, die voornoemde **REGISTRATEUR,** hierdie akte onderteken en met die ampseël bekragtig het.

**ALDUS GEDOEN en GETEKEN** op die Kantoor van die **REGISTRATEUR VAN AKTES** te **KIMBERLEY** op

05 SEP 2001 **REGISTRATEUR VAN AKTES**

GEREGISTREER OP BOGENOEMDE DATUM

GEREGISTREER IN DIE REGISTER VAN

BOEK FOLI^O

KLERK IN BEVEL

REGISTRASIE AFSKRIF

| | |
|---|---|
| *KOMPONENTE*<br>(1) Die figuur A a Oranjerivier b D E c H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z uitgeslote die figuur A1 B1 C1 D1 stel voor Gedeelte 7 van die Plaas Spitskop No 26.<br>Sien Kaart L G No 676/2000 geheg aan T/A No<br>(2) Die figuur G c' E F stel voor Gedeelte 8 van die Plaas Spitskop No 26.<br>Sien Kaart No 677/2000 geheg aan T/A No | L.G. No.<br>679/2000<br>Goedgekeur<br>[signature]<br>nms. LANDMETER-GENERAAL<br>2000.06.23<br>*VEL 1 VAN 3 VELLE* |

*SERWITUUTNOTA*

Die figuur d e f g B1 A1 h stel voor 'n serwituut reg van oorpad 5,70 meter wyd tot aan die openbare pad.
Sien Kaart L G No F6386/1971 geheg aan ~~Serwituut~~ Transport-akte No 478/1975

LANDMETER-GENERAAL 00-06-07 Ellehard FOOIE ONTVANG R115-00 BLOEMFONTEIN

Die figuur
A a Oranjerivier b D E F G H J K L M N P Q R S T U V W X Y Z uitgeslote die figuur A1 B1 C1 D1
stel voor 485,0571 hektaar grond, synde

Gedeelte 10 van die Plaas Spitskop No 26
en bestaan uit (1) en (2) hierbo aangehaal
geleë in die Administratiewe Distrik Prieska
Provinsie Noord-Kaap

Saamgestel in Maart 2000 deur my

[signature]

PLS0680 J L N van Zyl
Professionele Landmeter

| | | |
|---|---|---|
| Hierdie kaart is geheg aan No. T 003705/2001<br>ged. 05 SEP 2001<br>t.g.v. Schalk Theron Trust<br>[signature]<br>Registrateur van Aktes | Die oorspronklike kaarte is soos hierbo aangehaal. | Lêer PSKA 26<br>M.S. Saamgestel<br>A.P.<br>Komp. FL-6 (5491) |

REGISTRASIE AFSKRIF

# Gedeelte 10 van die Plaas Spitskop No 26
geleë in die Administratiewe Distrik Prieska
Provinsie Noord-Kaap

Saamgestel in Maart 2000 deur my

(signature)

PLS0680 J L N van Zyl
Professionele Landmeter

L.G. No.
679/2000
Goedgekeur
(signature)
nms.
LANDMETER-GENERAAL
2000.06.23

VEL 2 VAN 3 VELLE




Skaal 1: 25000

# REGISTRASIE AFSKRIF

*INLAS* — *SKAAL 1 : 7500*




L.G. No.
679/2000

Goedgekeur

nms.
LANDMETER-
GENERAAL

2000.06.23

VEL 3 VAN 3 VELLE

Gedeelte 10 van die Plaas Spitskop No 26
geleë in die Administratiewe Distrik Prieska
Provinsie Noord-Kaap

Saamgestel in Maart 2000 deur my.

PLS0680 J L N van Zyl
Professionele Landmeter